

# Pierre van Ryneveld Gemeenskapskerk Mannekamp: 6-8 Februarie 2015



## Kwaggasrus



# Pierre van Ryneveld Mannekamp : 6-8 Februarie 2015

## Tema: Re- ...

Dis 2015 en tyd vir ons Pierre van Ryneveld Mannekamp, aangebied deur o.a. Henk van Rensburg, Jan Venter, Willem Botha en ander gespreksleiers. Aan die begin van die jaar is dit miskien 'n goeie tyd om bietjie stil te staan sodat jy kan re-start en re-fresh, en met nuwe moed kan re-fire vir die toekoms! Daar is dalk aspekte van jou lewe wat 'n re-do nodig het, waaroor jy bietjie moet re-reflect, sodat jy kan re-recover en re-fill en re-act. Dit alles terwyl jy lekker re-lax en saam met ander manne re-joyce! Almal, ongeag van denominasie, sal die kamp baie geniet. Ons gaan o.a. 4 x 4 ry, kleilat gooi, foefie slide binne-in 'n dam, en dan natuurlik lekker diep Geestelike dinge beleef. Kom geniet die natuur, die kuier om die kampvuur, die besprekings en God se teenwoordigheid. Bring ook jou pa, jou broer of daardie vriend wat jy dink so 'n kamp mag nodig hê.

### Inligting:

- Ons hou die kamp weer by die pragtige kampterrein, Kwaggasrus, anderkant Brits (sien [www.kwaggasrus.co.za](http://www.kwaggasrus.co.za))
- Die kamp begin Vrydagaand, 6 Februarie om 18:00 en ons ry Sondag, 8 Februarie teen 13:00 terug huis toe.
- Koste beloop **R520 per persoon** vir die naweek (lekker kos, lesings en verblyf ingesluit).
- **Kampers is verantwoordelik vir eie vervoer na en van Kwaggasrus.**
- Bespreek vinnig om jou plek te verseker.

Kyk op [www.heuning.co.za](http://www.heuning.co.za) vir foto's en getuienisse van die vorige Mannekampe. Kontak ons gerus vir enige navrae. Henk by 082 336 7555 of per epos by [henk@pvr.co.za](mailto:henk@pvr.co.za).

### Besprekings:

- Voltooi asb 'n inskrywingsvorm vir elke individu wat die kamp bywoon.
- Faks dit tesame met jou bewys van betaling na Amanda, faks nommer 012 662 0104, of epos na [bediening@pvr.co.za](mailto:bediening@pvr.co.za).
- Let wel, die bewys van betaling en inskrywingsvorm verseker jou plek op die kamp, en MOET ons bereik teen 1 Februarie.

### Betalings:

- Betaling van R520 per persoon moet direk aan Pierre van Ryneveld Gemeenskapskerk gemaak word.
- Bankbesonderhede: Pierre van Ryneveld Gemeenskapskerk, ABSA Tjekrekening no. 600 591 355, Takkode 632005
- Gebruik asb as verwysing op die inbetaling "Manne" plus jou naam en van.

### Lys van benodigdhede:

Bybel, notaboek en pen	Slaapsak, kombers en kussing
Flitslig	Muskietgoed
Persoonlike toiletware en handoek	Geld; snoepie is beskikbaar vir aankoop van koeldrank, lekkers, skyfies
Eie medikasie	Eetgerei word verskaf
Ou klere vir speel, hoed, stapskoene, swembroek	Kamera en verkyker (opsioneel)
<b>Moet asseblief nie enige alkoholiese drankies saambring nie</b>	

### Roete aanwysing:

Vanaf Pretoria, ry met die Platinum-snelweg na Brits. Draai af by die Britsafrit (dit is net na die Zilkaats ontwikkeling aan linkerkant). Draai regs by die T-aansluiting bo-op die brug. Ry reguit deur Brits (roete R511). Verby die SANDDRIF area ry oor treinspoor. Vanaf treinspoor oorgang ry ongeveer 12km tot by Petrolgarage met MTN selfoon toring aan **regterkant**. Koördinaate is 25° 25' 01.34" S en 27° 37' 31.17" E. Draai regs in op groot grondpad en ry ongeveer 2.3 km tot koördinate 25° 24' 26.96" S en 27° 38' 42.55" E. Draai regs op kleiner grondpad en ry ongeveer 1.1km tot by hoofingang van Kwaggasrus met koördinaat van 25° 24' 48.04 S en 27° 39' 11.06" E.

# Inskrywingsvorm / Vrywaringsvorm

## Mannekamp te Kwaggasrus Kampterrein

Let daarop dat **elke persoon** wat die kamp gaan bywoon, hierdie inskrywingsvorm moet voltooi.

Hiermee bevestig ek

--

(Volle naam en van)

dat ek die Mannekamp van 6-8 Februarie 2015 gaan bywoon.

Ek vrywaar hiermee Pierre van Ryneveld Gemeenskapskerk, Kwaggasrus, die organiseerders, hul werknemers of verteenwoordigers van alle verlies en skade van welke aard ookal aan goedere of my persoon, hoe ookal sodanige verlies of skade mag ontstaan.

Ek bevestig hiermee dat ek hierdie verrigtinge meemaak op eie risiko en doen hiermee onherroeplik afstand van enige reg of enige aksie om skadeloosstelling in te stel teen die organiseerders, hul werknemers, hul verteenwoordigers of erfgename.

--	--

**Handtekening**

**Datum**

### **Kontakbesonderhede:**

Selfoonnommer	
Tel (Huis)	
Tel (Werk)	
E-pos adres	

### **Inskrywingvorm en betaling:**

Betaling van kampfooi van R520 moet voor 1 Februarie 2015 geskied in die rekening van Pierre van Ryneveld Gemeenskapskerk, met verwysing "Manne" plus jou naam en van.

Bankbesonderhede: Pierre van Ryneveld Gemeenskapskerk, ABSA Tjekrekening no. 600 591 355, Takkode 632005

**Faks bewys van betaling, tesame met jou inskrywingsvorm na 012 662 0104 of epos na [bediening@pvr.co.za](mailto:bediening@pvr.co.za) (Amanda sal die inskrywings hanteer – Kontaknommer by die kerkkantoor is 012 662 1708 uitbreiding 2)**